

Sing vooraf staande: Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betoel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seë en watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 63:3, 4 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.
- 4 U was, o God, 'n hulp vir my. / U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek / en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan, / hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun, / voel 'k hoe u hand my ondersteun.

Gebed

Psalm 62:7, 8 (p. 303)

- 7 Vertrou nie op geroofde geld, / tirannemag of handgeweld, / of op die vastheid van jou gang nie.
As rykdom jou sy vreug berei, / jou met sy skynsel wil verlei, / laat dan jou hart nie daaraan hang nie.
- 8 'n Godspraak ruis my in die oor. / Twee woorde het ek toe gehoor:
"By God alleen is sterkte en kragte!" / "Ook is by U die goedheid, HEER!"
Dus is daar vir die sterfling weer / vergelding na sy werk te wagte.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:15

Jy mag nie steel nie.

(Eksodus 20:15 AFR53)

Tema: Hoe om beeld van God te wees met betrekking tot ons en ander se besittings

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Suid-Afrika het diefstal en bedrog al so algemeen geword dat dit vir die meeste mense nie meer iets snaaks is nie. Niemand hou meer regtig tred met al die bedrog wat deur regeringsamptenare gepleeg word nie. Ons skud maar net ons kop wanneer ons hoor watter salarisse en bonusse Eskom se direkteure kry, maar die diens word al duurder vir die man op straat en die verskoning: Suid-Afrika het nog die goedkoopste elektrisiteit. Van die bedrog wat daar gepleeg word met tenders om groot werke te doen, word daar nie eers gepraat nie.

Dan is daar nog die president se privaat woning Nkandla en die gewraakte wapen-transaksie waarvoor daar 'n wolk van bedenking hang. Hoeveel afgetrede mense het hulle swaarverdiende pensioen nie al in een of ander beleggingsmaatskappy verloor nie? Ag, ons kan nog 'n eltelange lys van diefstal en skelmstreke opnoem en die bedrae wat

daarby betrokke is, is verbysterend. Maar as ons daarmee aangaan, gaan ons onself net kwaad maak en daar kom in elk geval nie iets positief uit sulke gesprekke na vore nie.

Die Here het ons immers na Hom toe gebring vanaand sodat ons kan hoor hoe ons beeld van Hom behoort te wees wanneer dit kom by ons eie en ander mense se besittings. Soos by die sesde en sewende gebod gee die Here hier ook net die gebod:

Jy mag nie steel nie. (Eksodus 20:15 AFR53)

Die Here sê nie vir ons wat ons nie mag steel nie. Daar word ook nie gesê wanneer daar nie gesteel mag word, of van wie nie gesteel mag word of hoekom daar nie gesteel mag word nie. Kort en klaar: Jy mag nie steel nie.

Selfs 'n kind kan verstaan wat die Here hier vir ons sê: Jy mag nie goed vat wat nie regtens aan jou behoort nie, maak nie saak wie se goed dit is of waar en hoe jy dit gekry het nie. Maar ons wil agterkom wat die Here van Homself in hierdie agtste gebod openbaar sodat ons kan weet hoe ons sy beeld wat die Heilige Gees in ons aan die herstel is, nog duideliker kan vertoon. Daarom gaan ons eers by enkele Skrifgedeeltes in die Ou Testament vertoef.

Broers, susters en kinders, steel en diefstal is 'n misdad wat 'n langerige aanloop het. Iemand loop nie net sommer iewers verby en gryp impulsief iemand anders se goed en hardloop daarmee weg nie. Die begin van diefstal, skryf Calvyn, is om met begeerte 'n ander se goed aan te gaap. Diefstal is dus 'n misdad wat begin wanneer 'n mens wil hê wat ander mense het. En omdat die mens dit nie op 'n eerlike manier kan koop nie en die begeerte om die ding te wil hê net al sterker binne in hom brand, begin hy planne beraam hoe om dit op 'n ander manier in die hande te kry. Hierdie begeerte om goed te wil hê wat nie aan jou behoort nie, word gevoed deur die mens se sondige geaardheid van hebsug en gierigheid.

Kom ons luister hoe die Here hierdie gebod verduidelik in die Ou Testament. Na Eksodus 20 word die woord wat ons met *steel* vertaal die eerste keer weer in Eksodus 21 gebruik. En kyk nou net hoe relevant is die Bybel. Deesdae hoor ons hoe kinders van hulle ouers gesteel word, veral meisies, om dan as seksslawe verkoop of gebruik te word. Luister net wat sê die Here:

En hy wat 'n mens steel en hom verkoop – of as hy in sy besit gevind word – dié moet sekerlik gedood word. (Eksodus 21:16 AFR53)

Die Here begin by die ergste soort diefstal onder mense denkbaar. Iemand wat 'n mens ontvoer om daardie mens vir sy eie gewin te misbruik, steel daardie mens se vryheid van hom. Die Here gee nie die moontlikheid dat 'n ontvoerder sy misdad kan regstel nie. Hy moet sonder meer die doodstraf kry.

Wanneer dit egter kom by die diefstal van goedere, soos vee, gee die Here die volgende uitspraak: As 'n bees of 'n skaap gesteel word en die dier word geslag of verkoop, moet die dier vyf beeste teruggee aan die eienaar vir die een bees wat hy gesteel het of vier skape vir die een skaap (Eks 22:1). Indien die gesteelde goed – 'n bees, skaap of donkie – lewendig in sy besit gevind word, moet hy die eienaar dubbel soveel teruggee as wat hy gesteel het (Eks 22:4). Armoede het die dier egter nie gevrywaar om sy misdad te herstel nie. Indien hy nie die eienaar van die gesteelde goed kan vergoed nie, moet die dier vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word as slaaf.

Die punt wat die Here hier maak, is om ons te laat beseef dat diefstal nie betalend is nie. Die een wat gesteel het, moenie op dieselfde ekonomiese vlak wees soos voor sy misdaad nie. En die slagoffer van die misdaad mag nie slegter daaraan toe wees as wat hy voor die misdaad was nie. Maar dit gaan nie net oor aktiewe diefstal nie. Daar is ook iets soos passiewe diefstal.

Wanneer jou naaste skade ly weens jou nalatigheid, moet jy jou naaste ten volle vergoed vir wat hy verloor het. Indien jou diere in die landerye van jou naaste gaan wei en hy daardeur skade gekry het, moet jy hom vergoed met die opbrengs van jou beste land (Eks 22:5). As jy 'n vuur gemaak het wat buite beheer geraak het en jou buurman se eiendom beskadig het, moet jy hom ten volle vergoed (Eks 22:6). Onkunde en nalatigheid is nie verskoning om jou naaste skade aan te doen nie.

Selfs in gevalle waar goed – diere of geld – in die sorg van iemand anders gelaat word en dit word gesteel, moet die eienaar van die goed vergoed word (Eks 22:7-15). Ook goed wat geleen is aan iemand en dit word gesteel of beskadig, moet aan die eienaar vergoed word. As jy iets van iemand vind, is jy veronderstel om dit aan die eienaar terug te besorg. Indien jy dit nie doen nie, is jy skuldig aan diefstal. Wanneer so 'n dief dan uitgevang word, moet die eienaar vergoed word met wat gesteel of beskadig is plus nog twintig persent van die waarde van die goedere (Lev 6:2-7).

Die laaste Skrifgedeelte in die Ou Testament waarby ons nog kan stilstaan is Levitikus 19. Onthou dit is juis aan die begin van hierdie Skrifgedeelte waar die Here sê:

Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.
(Levitikus 19:2 AFR53)

Omdat die Here se karakter so is, verwag Hy dat die mense wat aan Hom behoort die-selfde karaktereienskap sal vertoon.

Twee sake uit Levitikus 19: Iemand wat sy lande afoes, mag nie die wenakkers afoes nie en hy mag ook nie die graan wat bly lê agterna gaan optel nie. Daardie graan moet vir die armes en vreemdelinge gelos word (Lev 19:9-10). Indien die eienaar van die land of die wingerd alles afoes, steel hy inderwaarheid van die armes en die vreemdelinge.

En die laaste saak: Niemand mag deur leuens en bedrog besteel word nie, en 'n dagloner se loon mag nie tot die volgende dag teruggehou word nie (Lev 19:11, 13). Vir iemand wat van die hand na die mond lewe, soos 'n dagloner, kan daardie terughou van sy loon vir hom kritiese afmetings aanneem. In kort kom dit dus daarop neer dat Israel wat verlos is en aan die Here behoort 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die vryheid en besittings van hulle naaste het. Die Here duld nie ontvoerings of diefstal van enige aard nie. En diegene wat in gesagsposisies is, soos eienaars van landerye, mag nie hulle wat niks of min het, soos die armes en vreemdelinge, aan hulle verslaaf nie. Gesag wat so misbruik word, word mag en sulke mag het altyd 'n element van gewelddadigheid.

Wanneer ons na die Nuwe Testament toe blaai om te sien hoe die Here die agtste gebod ook daar verduidelik, sien ons hoe dwaas die idee is wat sommige mense het dat wat in die Ou Testament gegeld het kamtig nie meer in die Nuwe Testament geld nie. Ons sal ook sien dat dit nie waar is dat die Tien Gebooie nou maar geïgnoreer kan word nie. Wanneer die ryk jongman by Jesus kom en vra:

Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?
antwoord Jesus hom: **Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.** (Matteus 19:16, 18-19 AFR53)

Jesus gee dus 'n opsomming van die tweede tafel van die Tien Gebooie. Iemand wat 'n burger in God se koninkryk is, steel onder andere nie. Paulus maak 'n soortgelyke lysie van die tweede tafel van die Tien Gebooie in Romeine 13. Iemand wat dus deur die geloof deel het aan die groot ontferming van God – iemand wat deur Jesus Christus vrygekoop is van die mag van die sonde en die heerskappy van die Satan – steel dus nie.

Johannes die Doper het ook hierdie gebod in sy prediking aangesny. Toe hy begin preek het, het baie mense na hom toe gekom om gedoop te word. Maar dit was nie net 'n kwessie van dat jy jou sonde moet bely en jou bekeer en gedoop word en dan is alles nou klaar en gedaan nie. Daar moet vrugte wees wat getuig dat die bekering eg is. Onder die mense wat na Johannes gekom het was daar tollenaars en soldate wat Johannes se prediking geglo het. Vir die tollenaars het hy gesê:

Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie, en vir die soldate: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy. (Lukas 3:13, 14 AFR53).

Hier was dit weer mense wat in gesagsposisies was en daaraan gewoond was om hulle gesag te misbruik tot voordeel van hulleself en tot nadeel van die volk.

Die mens by wie daar egte bekering gekom het omdat die Heilige Gees aan hom die ware geloof gegee het se lewe verander ook radikaal. Deur die geloof wek die Heilige Gees immers die gelowige op tot 'n nuwe lewe deur die krag van Christus. Die enigste logiese gevolg vir iemand wat voorheen 'n dief was in wie die Heilige Gees nou die nuwe lewe opgewek het, is wat Paulus aan die Efesiërs geskryf het:

Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. (Efesiërs 4:28 AFR53)

Gehoorsaamheid aan die agtste gebod gee nie net getuienis van die nuwe lewe wat 'n mens bely die Heilige Gees in jou opgewek het nie. Gehoorsaamheid aan hierdie gebod gee ook getuienis dat die evangelie regtig waar is en dit verbeter die verhoudings tussen werkgewers en werknemers. Daarom sê Paulus vir die slawe wat op Kreta was en Christene geword het:

Die slawe moet in alles aan hulle eienaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is. So sal hulle in alles wat hulle doen, die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog. (Titus 2:9-10 AFR83)

Ons kom dus agter dat diefstal nie net 'n probleem is vir mense wat die Here nog glad nie leer ken het nie. Diefstal is ook 'n probleem vir Christene. In die vroeë kerk was daar lidmate wat vroeër diene was maar na hulle bekering nie meer nie. Christus se teenwoordigheid in hulle lewens het 'n radikale verandering meegebring. Maar dit beteken nie dat die geneigdheid om te steel dadelik en meteens by hulle afgesterf het nie. Daarom hoor ons hierdie aansporings van Paulus aan die voormalige diene en die slawe.

Om van ander mense te steel is al erg genoeg. Daar is egter mense wat nie eers skroom om van die Here te steel nie. Mense wat hulle voordoen as verkondigers van die Here se Woord maar wat met valse leer te koop loop, is daarop uit om die kinders van die Here van Hom af weg te steel. En agter hierdie valse leraars sit die Satan en gynslag, want dit is hy wat met leuens probeer om die verlostes van die Here af weg te rokkel. Jesus noem die valse leraars diewe en rowers:

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower.

(Johannes 10:1 AFR53)

Waar staan ek en jy vanaand ten opsigte van die agtste gebod voor die Here? Die feit dat ons in Jesus Christus glo en daar deur die werk van die Heilige Gees al groot veranderings in ons lewens gekom het, beteken nie dat ons nou al volmaak is nie. Om te wil hê wat ander het, is nie iets wat eensklaps uit ons lewens verdwyn wanneer ons Christene word nie. Hebsug en gierigheid is goggas met baie fyn kloutjies wat ons stadig maar seker uit ons hart uit losgewikkel kry.

Kinders, skryf julle ander kinders se huiswerk af omdat jy nie jou eie huiswerk gedoen het nie? Hou jy daardie huiswerk in die klas aan die onderwyser voor asof dit jou eie werk is? Dit is mos nie waar nie; dit was diefstal. Jy het 'n ander mens se werk gesteel, maar jy het jouself ook die geleentheid beroof om die werk te leer.

Is ons heeltemal eerlik in ons belastingopgawe? Wie in sy belastingopgawe nie al sy inkomste verklaar nie, is besig om van die owerheid af terug te hou wat die Here sê ons aan die owerheid verskuldig is.

Hoe eerlik is ons met ons werkgewers? Indien ek werkstyd gebruik vir persoonlike sake en nog aan die einde van die maand 'n volle salaris verwag, steel ek die tyd en geld van my werkgewer.

Hoe eerlik is ons met die Here self? Eien ek myself die lof en eer toe vir die werk wat die Here deur sy Gees in my gedoen het, dan beroof ek die Here van sy eer. Is daar in my die geneigdheid om vir die Here te vertel hoe gereeld ek Bybel lees en bid en eredienste bywoon en watter goeie dinge ek weer vir Hom gedoen, dan is ek besig om dit wat Hy in my doen vir myself te vat en te dink die Here is nou by my in die skuld.

Die vrae wat by ons ontstaan het toe ons die gebod aan die begin gehoor het – vrae soos wat mag nie gesteel word nie, van wie mag nie gesteel word nie – beantwoord die Here stelselmatig vir ons dwarsdeur die Skrif. Die Here is geensins onduidelik oor wat Hy bedoel wanneer Hy sê dat 'n mens nie mag steel nie. Daarom sal dit dom wees om enige skelmstreek op watter manier ook al te probeer regverdig.

Die mens wat steel, sê eintlik dat hy nie die Here vertrou om vir hom te sorg nie. Daarom sal hy maar op 'n oneerlike manier self in sy behoeftes voorsien. Met sy diefstal is hy ook van oordeel dat die Here nie regverdig was met hom nie. Alles wat ons het aan aardse besittings is soos wat die Here dit vir ons beskik het. Wie dus steel, betwyfel die Here se wysheid van uitdeel.

Diefstal veroorsaak onveiligheid in die gemeenskap. Dus word die gemeenskap beroof van 'n rustige lewe. En omdat diefstal so algemeen geword het, bou die diensverskaffers in die pryse van die dienste 'n kompensasië vir die verliese in. Almal betaal dus duurder omdat sommige mense nie wil betaal nie maar steel.

Diefstal beroof die Here van sy eer. Wanneer 'n Christen hom skuldig maak aan watter diefstal ook al, veroorsaak hy dat ongelowiges skepties raak oor die evangelie van Jesus Christus. En bowendien is so 'n Christen dan besig om die herstelwerk wat die Heilige Gees aan die beeld van God in hom doen, in homself af te breek.

Want wat leer ons van die Here self in hierdie gebod? Aangesien die Here die verbod teen diefstal 'n ewige beginsel maak wanneer Hy dit in die Tien Gebooe afkondig, sê Hy dat diefstal reg teen sy karakter ingaan. God is genadig, maar 'n dief is gierig. God gee; die dief vat. God luister na die geroep van die hulpeloses en voorsien in hulle behoeftes; die dief gebruik die nood van die hulpeloses om hulle uit te buit. Die geaardheid van 'n dief gaan dwars teen die bedoeling van die Here met die mens in. 'n Dief kan beswaarlik die beeld van God vertoon.

Hoe nou gemaak wanneer ek agterkom dat my hart ook geneig is om hierdie gebod van die Here te minag? Miskien het ek my nie openlik aan roof skuldig gemaak nie, maar in my optrede het ek tog stilletjies ander se besittings aangevaar en die begeerte om dit te wil hê, het wakker geword. Geliefdes, hierdie sonde, soos alle ander sondes, begin in die hart. En net Christus kan ons hart verander. Kom ons neem ons toevlug by Hom.

Daar was eenmaal twee rowers en hulle is weerskante van Jesus ook aan kruise vasgespyker oor hulle misdade. Een van hulle het in daardie ure aan die kruis tot die besef gekom dat sy misdade werklik sonde teen God was en hy het sy toevlug tot die sterwende Christus geneem en gevra:

Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. (Lukas 23:42 AFR53)

En Jesus se antwoord aan hom was:

Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.
(Lukas 23:43 AFR53)

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:9, 11 (26:9, 11)

9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 Desember 2013